24. DIE EIENDOM, TESAME MET DIE ALL SAINTS ANGLIKAANSE KERKGEBOU DAAROP, GELEË IN NAMAKWA-STRAAT, SPRINGBOK

Beskrywing:

Die eiendom, tesame met die All Saints Anglikaanse Kerkgebou daarop, bestaande uit die volgende erwe:

1. Erf 406, Springbok, geleë in die munisipaliteit Springbok, afdeling Namakwaland, en groot 419 (vierhonderd-en-negentien) vierkante meter; en

2. Erf 407, Springbok, geleë in die munisipaliteit Springbok, afdeling Namakwaland, en groot 357 (driehonderd sewe-en-vyftig) vierkante meter.

Transportakte T70256/1989, gedateer 4 Desember 1989.

25. DIE EIENDOM, TESAME MET DIE DUBBELVERDIEPING GEORGIAANSE GEBOU DAAROP, GELEË TE KERKSTRAAT 66, WORCESTER

Beskrywing:

Die eiendom, tesame met die dubbelverdieping Georgiaanse gebou daarop, synde Erf 450, Worcester, geleë in die munisipaliteit en afdeling Worcester, en groot 652 (seshonderd twee-en-vyftig) vierkante meter.

Transportakte T40705/1987, gedateer 31 Augustus 1987.

26. DIE OU JEPPESTOWNPOSKANTOORGEBOU, GELEË TE HOOFSTRAAT 315, JEPPESTOWN, JOHANNESBURG

Beskrywing:

Die ou Jeppestownposkantoorgebou, geleë op Erf 361, Jeppestowndorpsgebied, Registrasieafdeling IR, Johannesburg.

Transportakte T39653/1989, gedateer 7 September 1989.

E. LOUW,
Minister van Nasionale Opvoeding.

No. 1351 **22 Junie 1990**

WET OP DIE NASIONALE BELEID VIR ALGEMENE ONDERWYSSAKE, 1984

KENNISGEWING VAN BELEIDSBEPALING

Ek, Eugéne Louw, Minister van Nasionale Opvoeding, gee hierby ingevolge artikel 2 (2A) van die Wet op die Nasionale Beleid vir Algemene Onderwyssake, 1984 (Wet No. 76 van 1984), kennis dat ek kragtens artikel 2 (1) van genoemde Wet die algemene beleid bepaal het wat gevolg moet word ten opsigte van norme en standaarde vir leerplanne en eksaminering, en vir die sertifisering van kwalifikasies vir sover dit betrekking het op die aangeleenthede in die Bylae hiervan vermeld.

Die stukke waarin sodanige beleid uiteengesit word, is op skriftelike aanvraag verkrygbaar van die Direkteur-generaal, Departement van Nasionale Opvoeding, Privaatsak X122, Pretoria, 0001.

E. LOUW,
Minister van Nasionale Opvoeding.

BYLAE

Formele Technikononderrigprogramme in die RSA. Verslag NASOP 02-151 (90/01).

24. THE PROPERTY, TOGETHER WITH THE ALL SAINTS ANGLICAN CHURCH BUILDING THEREON, SITUATED IN NAMAQUA STREET, SPRINGBOK

Description:

The property, together with the All Saints Anglican Church building thereon, consisting of the following erven:

1. Erf 406, Springbok, situated in the Municipality of Springbok, Division of Namaqualand, in extent 419 (four hundred and nineteen) square metres; and

2. Erf 407, Springbok, situated in the Municipality of Springbok, Division of Namaqualand, in extent 357 (three hundred and fifty-seven) square metres.

Deed of Transfer T70256/1989, dated 4 December 1989.

25. THE PROPERTY, TOGETHER WITH THE DOUBLE-STOREYED GEORGIAN BUILDING THEREON, SITUATED AT 66 CHURCH STREET, WORCESTER

Description:

The property, together with the double-storeyed Georgian building thereon, being Erf 450, Worcester, situated in the Municipality and Division of Worcester, in extent 652 (six hundred and fifty-two) square metres.

Deed of Transfer T40705/1987, dated 31 August 1987.

26. THE OLD JEPPESTOWN POST OFFICE BUILDING, SITUATED AT 315 MAIN STREET, JEPPESTOWN, JOHANNESBURG

Description:

The old Jeppestown Post Office building, situated on Erf 361, Jeppestown Township, Registration Division IR, Johannesburg.

Deed of Transfer T39653/1989, dated 7 September 1989.

E. LOUW,
Minister of National Education.

No. 1351 **22 June 1990**

NATIONAL POLICY FOR GENERAL EDUCATION AFFAIRS ACT, 1984

NOTICE OF DETERMINATION OF POLICY

I, Eugéne Louw, Minister of National Education, hereby give notice in terms of section 2 (2A) of the National Policy for General Education Affairs Act, 1984 (Act No. 76 of 1984), that I have determined general policy in terms of section 2 (1) of the said Act to be applied in respect of norms and standards for syllabi and examination, and for the certification of qualifications as far as this relates to the matters referred to in the Schedule hereto.

The documents setting out such policy are obtainable upon written request from the Director-General, Department of National Education, Private Bag X122, Pretoria, 0001.

E. LOUW,
Minister of National Education.

SCHEDULE

Formal Technikon Instructional Programmes in the RSA. Report NATED 02-151 (90/01).